



DEPARTEMENT VAN INFRASTRUKTUUR HOOFDIREKTORAAT: ONROERENDE BATEBESTUUR KENNISGEWING VAN VOORGESTELDE VERVREEMDING

Met verwysing na die kennisgewing van voorgenome vervreemding wat op 12 Desember 2024 uitgereik is, word hiermee ingevolge artikel 3 van die Wes-Kaapse Wet op Grondadministrasie, 1998 (Wet 6 van 1998) ("die Wet") en sy Regulasies, verdere kennis gegee dat die Hoofdirektoraat: Onroerende Batebestuur, Departement van Infrastruktuur, namens die Wes-Kaapse Regering, van voorneme is om Erf 172814 aan Raubex Building Edms. (Bpk) te vervreem, ooreenkomstig die bepalings van die Wet en Regulasies.

Ingevolge artikel 3(2) van die Wet, word belangstellende partye genooi om skriftelike verhoë in verband met die voormelde voorgestelde vervreemding in te dien by: Die Hoofdirekteur: Ekonomiese Spilpunt, Dorpstraat 9, Kaapstad 8001, of by Privaat Sak X9160, Kaapstad 8000, of te e-pos aan DOI.Leeuloop@westerncape.gov.za teen 5 November 2026.

Verdere navrae oor die voorgestelde vervreemding kan aan die kantoor van die Hoofdirekteur: Ekonomiese Spilpunt se fisiese, pos- of e-posadres gerig word.

Kontakpersoon: Neil Joseph

E-pos: DOI.Leeuloop@westerncape.gov.za

Posadres: Privaat Sak X9160, Kaapstad 8000

Fisiese adres: Ontvangs, Departement van Infrastruktuur, Dorpstraat 9, Kaapstad 8001

Bedoeling

- Vervreemding van Erf 172814 (Titelakte: T57893/2012)
- Geregistreerde eienaar: Wes-Kaapse Regering, deur die Departement van Infrastruktuur
- Doel: Ontwikkeling van 'n gemengdegebruik-, gemengde inkomste-, inwonergeleide distrik wat maatskaplike behuising insluit

Ontwikkelingsdoelwitte

- Inwonergeleide ontwikkeling (min. 85% van vloerruimte)
- Maatskaplike behuisingskomponent min. 35% van totale eenhede)
- Huishoudelike inkomste wat vir maatskaplike behuising geteiken word: R1 850 tot R22 000

Sleutelinligting:

- Ligging van terrein: Begrens deur Loop-, Bree-, Dorp- en Leeuwenstraat, Kaapstadse Middestad
- Sonering: Gemengdegebruik 3
- Omvang: 2 880 m²
- Huidige gebruik: Vakant

